

Gebed in nood en beproewing

Habakuk se gebed:

“Here, ek het gehoor wat van U vertel is en ek is vervul met ontsag vir wat U gedoen het. Doen dit tog ook in ons tyd, laat u dade ook in ons tyd ervaar word, ontferm U selfs in u toorn.

God kom van Teman af, die Heilige kom van Paranberg af. Die hemelruim is vol van sy majesteit, die aarde vol van sy roem. Hy kom met die glans van die lig, weerligte bliits uit sy hand, sy hand so vol mag.

Voor Hom uit gaan die pes, in sy voetstappe volg die dood. Wanneer Hy staan, skud die aarde; wanneer Hy kyk, bewe die nasies. Die eeue-oue berge verkrummel, die ou-ou heuwels val inmekaar, die berge waaroor Hy van ouds af gewandel het! ...

Al sou die vyeboom nie bot nie en daar geen druiwe aan die wingerde wees nie, al sou die olyfoes misluk en die lande geen oes lewer nie, al sou daar geen kleinvee in die kampe meer wees nie en die beeskrale sonder beeste wees, nogtans sal ek in die Here jubel, sal ek juig in God, my Redder.

Die Here my God gee vir my krag.

*Hy maak my voete soos dié van ’n ribbok,
op hoë plekke laat Hy my veilig loop”*

(Hab. 3:2-6, 17-19).

Vrydag 1 Mei

Skrifgedeelte: 1 Samuel 22:1-5

Fokusgedeelte: 1 Samuel 22:5

Gad – Oorweeg weer jou roeping in hierdie wêreld (Werkersdag)

Dawid vlug weg uit Israel. Onder die bedreiging van Saul het dit vir hom, sy ouers en sy familie te gevaarlik geword. Hy vind 'n veilige heenkome in die land Moab in die grot van Adullam wat op 'n bergtop geleë is en oor 'n vrugbare vallei uitkyk. Daar vestig Dawid hom so goed dat ook ander vlugtelinge hulle spoedig by hom aansluit. Dit word 'n klein gemeenskap in ballingskap. In Adullam sal hulle wag tot die storm verby is.

Dan kom die profeet Gad (*geluk*) egter en beveel dat Dawid nie in dié veilige hawe mag bly nie. God stuur Dawid terug – reg in die tande van die storm in – terug na die land waar Saul vir hom wag. Dawid is immers die gesalfde koning van Israel. Dit pas hom nie om sy land te verlaat, sy roeping te versaak en aan sy eiebelang voorkeur te gee nie.

So word Dawid en sy manskappe dan swerwers in hulle eie land. Dag vir dag sou hulle bedreig word, maar in Israel sou die getuienis gehoor en gesien word van 'n gesalfde koning wat in vervolging en gevaar met vertroue op God volhard en oor wie God sy genadige hand hou.

Iets van Jesus, die Koning van alle konings, wat ook in sy eie land nie erken is of 'n rusplek vir sy kop sou vind nie, word hier in Dawid se optrede sigbaar.

Vandag is Werkersdag. Die wêreld vier dit met die fokus totaal op werkers se eiebelang wat (desnoods met geweld en bloedvergieting) afgedwing moet word. Maar jy, gesalfde kind van God, besin eerder op hierdie dag oor die roeping wat God vir jou gee het, en oor die veilige hawe wat jy vir jouself geskep het, en oor die gestalte van die onself-sugtige Dienaar wat tog ook in ons samelewing gesien moet word.

Sing: Skrifberyming 14-1:2, 3

Dr. WC (Wim) Vergeer (Krugersdorp)

Skrifgedeelte: Romeine 5:12-21

Fokusgedeelte: Romeine 5:17

Goeie nuus: 'n nuwe familie

Om uit genade vrygespreek te wees, maak 'n reuse verskil in die lewe van die kind van God.

Paulus wil jou diep onder die indruk bring van hoeveel Christus vir jou bereik het. Dit doen hy deur die resultate van die optrede van Adam en Christus met mekaar te vergelyk. Ons kan sê dat dit in Romeine 5:12-21 gaan om die *Adam-familie*, waarby alle mense ingesluit is, en die *Christus-familie*, waarby elke vrygekoopte en dus die vrygespreekte Godskind ingesluit is.

Voor jou verlossing behoort jy en alle mense aan die familie van Adam, die een mens deur wie die sonde in die wêreld ingekom het. Dit beteken 'n sinnelose bestaan van ongehoorsaamheid, sonde en die dood. In Adam is jy 'n sondaar en 'n terdoodveroordeelde.

Die goeie nuus is egter dat 'n nuwe verbondenheid moontlik is. Jy kan aan Jesus Christus gebind word. Deur sy optrede is die teenoor-gestelde van die dood bereik. Hy het die lewe ingedra deur 'n daad van volkome gehoorsaamheid en jou vrygespreek. Hy het jou dus van die dood verskoon.

Die werklikheid van jou lewe in die Here is so totaal anders. Daar is redding, genade, versoening, vryspraak, gehoorsaamheid en die ewige lewe. Wat Christus vir jou gedoen het, is so anders as dit wat Adam nagelaat het. Adam laat 'n mens dink aan straf, sonde, die dood, veroordeling, vyandskap.

Daar hang 'n doodsreuk oor die Adam-familie, maar oor die Christus-familie sweef die geur van God se goedheid. Uit genade mag jy ervaar wat dit beteken om werklik te lewe – binne die kring van 'n nuwe familie, almal in Christus een.

Die rykdom van God se genade is oorweldigend. Terselfdertyd is dit ook 'n bron van sekerheid waaruit jy elke dag nuut kan lewe én vrede put.

Sing: Skrifberyming 33:1

Dr. PH (Pieter) Heystek (Pretoria-Montanapoort)

Skrifgedeelte: Romeine 6:1-14

Fokusgedeelte: Romeine 6:3, 4, 11

Goeie nuus: Sonde is nie meer baas nie

Moenie dink daar is niks daarmee verkeerd om sonde te doen nie. Paulus sê nie dat Christene maar rustig kan sondig sodat die genade kan toeneem nie. Die onuitspreeklike genade en vryspraak van God in Jesus Christus beteken dat jy juis nié sonde in jou lewe sal duld nie. Sonde behoort vir jou 'n onmoontlike moontlikheid te wees.

'n Groot rede hiervoor is dat jy gedoop is. Jou doop is onder andere 'n bewys dat jy dood is vir die sonde en vir God lewe. Met jou doop het jy mos een geword met Christus in die dinge wat met Hom gebeur het, naamlik dat Hy gekruisig is, gesterf het en begrawe is. Dink daaraan – jou “ou mens” het saam met Jesus aan die kruis gehang én is dood, mordsdood!

Saam met Jesus staan jy ook uit die graf op. Nou is jy 'n nuwe mens wat 'n nuwe lewe kan lei en baie beslis soos 'n lyk vir die sonde is. Één met Christus, sê jou doop. Kragtens jou status in Christus is dit ondenkbaar dat jy sal sondig. Jy is dood vir die sonde omdat Christus in jou plek gesterf het; sonde is nie meer jou baas nie. Kan daar beter nuus wees as juis die boodskap?

Sal jy in die daaglikse stryd teen die sonde onthou dat jy gedoop is? Elke waterdruppel van jou doop roep na jou en bevestig jou status in Christus. Onthou voortdurend dat jou ou ek saam met Christus gesterf het. Jy is dood vir die sonde en lewend vir Christus met 'n wil om vir die sonde te vlug. Jy wil jou ou mens kruisig, want die goeie nuus is dat jy met Christus as 'n nuwe mens opgestaan het.

En as jy hieraan twyfel? Dink dan aan jou doop en lewe met oorgawe, want Jesus Christus is mos die Koning van jou lewe!

Sing: Skrifberyming 33:3

Dr. PH (Pieter) Heystek (Pretoria-Montanapoort)

Skrifgedeelte: Romeine 6:15 – 7:6

Fokusgedeelte: Romeine 7:1-6

Goeie nuus: Jy behoort aan Jesus Christus

Dit is asof die goeie nuus net nie wil ophou nie. Dit hou aan soos 'n sagte en deurdringende reënbui met druppels van genade wat op jou gees bly val.

Paulus maak seker dat jy God se goeie nuus verstaan. Om dit te verstaan, hou in dat jy die implikasies daarvan begryp en dat jy met oorgawe kan lewe. Die goeie nuus is mos dat jy uit genade vrygespreek is, sonder 'n slaafse wetsonderhouding van jou kant af. Die apostel illustreer dit deur na 'n aardse huwelik te verwys. Die wet van die huwelik bepaal onder andere dat 'n vrou nie met 'n ander man mag saamlewe terwyl haar man nog lewe nie. As haar man sterf, geld dié bepaling van die huwelikswet egter nie meer vir haar nie. Dan is sy vry om met 'n ander man te trou.

Verstaan jy wat Paulus hiermee wil sê? In vers 4 pas hy dié waarheid op die gelowige toe. 'n Ander verbintenis het gerealiseer toe jy saam met Christus gesterf het, want toe het die wet sy gesag oor jou as Godskind verloor. Jy behoort nou aan iemand anders, naamlik Jesus Christus. In teenstelling met die Jode se uitleg van die wet is jy nie 'n slaaf van God se wet nie. Daar druk geen sware wetslas op jou meer nie. Omdat jy vrygespreek is, behoort jy nou as deel van die bruid van Christus volkome aan jou nuwe Bruidegom, Jesus Christus. Jy kan dus voluit én met vreugde lewe.

Boonop gaan jy anders vrug dra as voorheen. Jy durf God dien in die nuwe bedeling van die Gees. Verby is die ou bedeling van wetsvoorskrifte. Jy is 'n splinternuwe mens met 'n totaal nuwe manier van lewe. Die nakoming van die letter van die wet ter wille van verdienste is verby. Die baasskap van die wet het verander. Jy is nou dienskneg en diensmaagd van jou koning, Jesus Christus.

Sing: Psalm 45:9, 10

Dr. PH (Pieter) Heystek (Pretoria-Montanapoort)

Skrifgedeelte: Romeine 1:8-32

Fokusgedeelte: Romeine 1:16, 17

God se goeie nuus vir ellendige mense

Van die dinge wat Paulus vir God se kind wil sê, is Romeine 7 is beslis nie die maklikste gedeelte nie. Die apostel se gedagtegang word daardeur beheers dat die wet beslis nie sonde is nie. Die lelike van die sonde lê nie in die wet nie, maar by elke sondige mens. As die wet sê jy mag nie begeer nie, dan word jy bewus van die sonde van begeerte. Juis dan is die kwessie van begeerte erger in 'n mens se lewe. Dit gebeur nie omdat die wet as sodanig die probleem is nie, maar omdat die wet wat verbied én gebied, die sondige begeertes in die mens nie onderdruk nie, maar juis aanwakker en aanmoedig. Eintlik is dit deur die goeie (die wet) dat die sonde die slegte in die mens bereik.

Lees jy verse 17-24, dan besef jy dat Paulus jôu nie in die eerste plek blameer nie, maar dat hierdie omkeer van goeie bedoelings juis in sy eie lewe afspeel. Die andersom van die menselewe is tog so hartseer en bring baie keer soveel lelike neigings in jou na vore. Die woorde “Ek begryp self nie wat ek doen nie” (vs 15) vertel iets van die diepste hartseer en stryd in God se kind se lewe.

Dit is 'n hartseer prentjie – my lewe wat so maklik onderstebo draai. Die wil om die goeie te doen, is daar, maar ek doen dit nie. Aan die ander kant, die verkeerde wat ek nie begeer om te doen nie, dit doen ek. Hoe deurmekaar kan 'n mens se geestelike lewe tog nie wees nie! Dit gebeur veral as jy probeer om God se wet uit jou eie krag na te kom. Dan is jy 'n stukkende mens. Om die waarheid te sê, jou toestand is erger as net stukkend – jy is eintlik lewendig dood.

Hoe nou gemaak? Wat is die goeie nuus dan? Jy moet leer roep: “Ek, ellendige mens!” Ek en die wet alleen is 'n situasie wat ek nie kan hanteer tot Gods eer nie. By God is daar egter hoop – Hy maak jou nuwe lewe moontlik deur Hom wat die wet vervul het, Jesus Christus. Dit is Hy wat jou van jou doodsbestaan verlos en jou jou deurmekaar doen en late vergewe!

Sing: Psalm 38:1, 4

Dr. PH (Pieter) Heystek (Pretoria-Montanapoort)

**Skrifgedeelte: 2 Konings 5:1-3, 8-10, 15-17, 19-21a (verkieslik 1-27)
(OAV/NAV)**

Fokusgedeelte: Jakobus 1:14-15

Waarop is jy gefokus, Gehasi?

God stap 'n pad met die Arameër om hom tot geloof te roep. Die Israelitiese slawedogtertjie, die koning en die amptenare se aanmoediging en dan ook Elisa se optrede wat alles aan God die eer laat toekom. Die verhaal bereik sy hoogtepunt in vers 17, as Naäman tot die belydenis kom dat die God van Israel die ware God is en dat hy geen ander gode meer gaan aanbid nie. Dan kom die selfsug en gierigheid van Gehasi (uitsig) egter en trek byna 'n streep deur alles. Eers was dit net die gedagte, maar later gaan dit oor in die daad – en loop dit uit op die een leuen na die ander.

Hoe maklik is dit nie vir ons, as diensknegte van die Allerhoogste, om ons fokus van God af te haal nie? Wêreldse dinge trek ons aandag, dit lyk só begeerlik, só binne ons bereik, ons hoef nie eers veel te doen om dit te bekom nie. Nog voordat ons onself kan kry, is ons fokus so ingestel op finansies, besittings, prestasies, ontspanning en ons families dat die eer van God se Naam die heel laaste punt op ons daaglikse agendas is.

Hierteen word ons ook in Jakobus 1:14-15 gewaarsku as daar staan: “'n Mens word verlei deur sy eie begeertes wat hom aanlok en saamsleep. Daarna, as die begeertes bevrug geraak het, bring dit die sonde voort; en as die sonde ryp geword het, loop dit uit op die dood.”

Gehasi het genade ontvang toe sy sonde uitgeloop het op dieselfde melaatsheid as die een van wie hy gesteel het – nie die dood nie. Net so ontvang ons vandag ook die genade uit God se hand, om die sonde in ons lewens (hetsy gedagtes/dade/leuens) deur die werking van die Gees af te sterf sodat ons al ons aandag op God alleen mag fokus. Dit omdat Jesus Christus ons skoon gewas het in sy bloed.

Sing: Skrifberyming 3-4:1, 5 (Lied 306) / Skrifberyming 1-1:2, 3, 7 (SB 24)

Ds. RP (Roelof) Buys (Delmas)

Skrifgedeelte: Eksodus 2:11-22 (OAV/NAV)

Fokusgedeelte: Eksodus 2:22

Gersom – wees ligdraers in 'n vreemde land

Nadat Moses die Egiptenaar doodgeslaan het, vlug hy na Midian. As vreemdeling in 'n vreemde land ontmoet hy en trou hy met Sippora, die dogter van Jetro, die priester van Midian. Gersom (*vreemdeling daar*), word gebore, en Moses gee hom hierdie naam wat sinspeel op “*n vreemdeling wat gasvryheid verkry het*”.

Van Gersom lees ons moontlik net op twee ander plekke in die Skrif, naamlik in Eksodus 4:25 en 18:3. In beide gevalle word byna net sy naam en die betekenis daarvan genoem. Ons sou dus die vraag kon vra hoekom Gersom dan in die Skrif genoem word, as hy oënskynlik geen beduidende rol gespeel het nie?

Sy naam is egter dalk juis hoekom hy genoem word, want telkens as Moses Gersom op sy naam sou noem, sou hy onthou dat hy as vreemdeling in 'n vreemde land woon. Net so moet ons – soos Moses – ook onthou dat ons as vreemdelinge in 'n vreemde land woon. Deur Jesus Christus se verlossingswerk is ons nou kinders van God. Deur die Heilige Gees woon en werk Hy in ons, sodat ons nou anders dink, anders doen, ja, anders lewe as wat ons voorheen geleef het. Ons lewens word nie meer deur ons sondige natuur beheers nie, maar deur die Gees van God (Gal. 5:13 ev).

Daarom ook die oproep in Romeine 12:2 en verder: “*Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe ...*” In Johannes 15:19 en verder sê Jesus: “*Omdat julle nie aan die wêreld behoort nie, maar Ek julle uit die wêreld uitgekies het, daarom haat die wêreld julle.*”

Die feit dat ons soos vreemdelinge in 'n vreemde land leef, beteken juis dat ons anders moet optree as die landsburgers/wêreldliefhebbers. Mag God ons deur die Gees bystaan om ligdraers in hierdie vreemde land te wees.

Sing: Psalm 146:7, 8

Ds. RP (Roelof) Buys (Delmas)

Skrif- en Fokusgedeelte: Numeri 3:5-8, 11-13, 17, 23-26; 3:38; 4:4 (OAV)

Gerson – God trek niemand voor nie

Gerson was Levi se oudste seun, en waarskynlik al oorlede toe Moses God se volk uit Egipte gelei het. Moses (toe al 80) was immers die kleinseun van Gerson se broer, Kehat. Daarom is daar bitter min in die Bybel oor Gerson self, maar meer oor sy nageslag, die seuns van Gerson (Gersoniete).

Die besondere plek van eersgeborenes in God se openbaring laat dit lyk asof Gerson bedroë daarvan afgekome het. Nie hy of sý nageslag nie, maar sy broer Kehat en sý nageslag was die groot rolspelers (God se gunsteling?) by die uittoeg uit Egipte, die dienswerk by die tabernakel, en die plek waar laer opgeslaan is.

Ons sien elke dag mense wat “onverdiend” beter daaraan toe is as onself. Ons het elke dag ons eie menslike partydigheid oor wie “verdien” om iets te doen of te hê. God praat met ons deur Gerson! Ont-hou: die plek waar jy dienswerk verrig en die dinge wat jy daar doen, maak jou nie beter of slegter as iemand anders wat op 'n ander plek ander dinge doen nie. God trek niemand voor nie.

Die relatief “onbelangrike” dienswerk van die seuns van (die verge-te) Gerson is in ons Here Jesus vervul! Die doeke, dekklede, behang-sels en bedekkings van die tabernakel en die tent van samekoms was daar om God se heiligdom te beskerm en te bewaar.

Ons Here Jesus het gekom om ons voor God met sy bloed te heilig en as die Heilige Gees se woning te bedek. Dit is die Heilige Gees wat ons beklee met die gawes wat God gebruik om sy heilige erediens in stand te hou, nie net met hoogheilige dinge nie, maar ook met die doe-ke en die gereedskap in vereelde hande en kromgetrekte vingers wat oor geslagte heen besig is om te werk tot God se eer!

Sing: Psalm 84:2, 5 (1936)

Ds. JH (Harry) Cilliers (Reitz)

Skrifgedeelte: Nehemia 2:13-20 (OAV)

Fokusgedeelte: Nehemia 2:19

Gesem – Teenstand gee geloofsmoed en vasberadenheid

Gesem (én sy twee trawante, wat ons vir eers daar laat) se optrede is duidelik. Hy hoor dat die groepie Jode uit die ballingskap wil begin om Jerusalem se mure op te bou. Hy spot en verag hulle. Hy dink hulle sal nie in staat wees om dit te doen nie. Hy kraak hulle af en maak hulle belaglik. Hy roep selfs vir Nehemia-hulle tot selfbesinning en verantwoording teenoor die wêreldheerser, koning Artasasta van Persië.

Gesem is 'n voorbeeld van hoe die teenstanders van God se koninkryk is en doen. Hulle het nie deel aan God en sy koninkryk nie. Hulle is buitestaanders, vreemdelinge. Hulle spot met die dinge wat God doen en wat Hy deur mense doen. Hulle verag dit. Hulle riglyn vir wat in die wêreld moet geld en wat die wêreld glad laat verloop, is wêreldse mag en gesag.

Gesem kon egter nie God se kinders ontmoedig of keer nie. Gesem se teenstand het net meer geloofsmoed en vasberadenheid aan Nehemia-hulle gegee. Met sterk hande is die goeie werk uiteindelik klaargemaak.

Ons kan ons soms so gou laat ontmoedig oor dit wat buitestaanders sê oor ons en ons vermoëns as God se kinders. Partykeer staan die ou sondige buitestaander in ons eie harte op, wat maak dat ons klein dink en wil ophou met God se werk nog voordat dit begin is, of wat maak dat wat aardse maghebbers wil ons maatstaf word.

God praat met ons deur Gesem! Gesem met al sy teenstand was te klein en te swak om God se seën vir sy kinders te verhinder. Ons Here Jesus Christus het dit bevestig met sy oorwinning oor Satan, die sonde en dood, deur sy lyde, sterwe, opstanding en hemelvaart. In Hom is ons meer as oorwinnaars.

Voor sy krag, genade en Heilige Gees moet en sal alle teenstand, veragting en spot die onderspit delf.

Sing: Psalm 14:1, 4, 5, 6 (1936)

Ds. JH (Harry) Cilliers (Reitz)

Skrifgedeelte: 1 Kronieke 2:3-15 (NAV)

Fokusgedeelte: 1 Kronieke 2:5, 9 (NAV)

Gesron – God is in beheer deur die geslagte

Gesron is net nog 'n naam in een van die vele lange geslagsregisters in die Bybel. Ons weet nie eintlik veel van hom nie, behalwe dat hy iemand se seun, se man en pa was. Hy was die oudste seun van Peres en die kleinseun van Juda en Tamar. Hy was meer as een keer getroud, onder andere was hy getroud met Efrata, die dogter van Makir, die voorvader van Gilead. Hy het vier seuns gehad, waarvan Jeragmeël die oudste was, daarna Ram, Kaleb en Segub. Segub, sy jongste seun, is vir hom gebore toe hy 60 jaar oud was, deur Efrata, die dogter van Makir.

Uit die Skrifgedeelte is dit duidelik dat Gesron die nageslag van Juda is, terwyl Juda die nageslag van Abraham is, met wie God 'n verbond gesluit het (vlg. Gen. 15:1-21) en vir hom 'n groot nageslag belowe het. So wys hierdie geslagregister, die opeenvolging van die een vreemde naam na die ander, hoe die beloftes aan Abraham, Isak en Jakob deur die Here nagekom is.

Hierdie belofte wat God aan Abraham gemaak het, stop nie by Gesron nie, maar gaan voort tot by koning Dawid en nog verder. So is Gesron die voorgeslag van Dawid en Dawid is die voorgeslag van Jesus Christus (vlg. Matt. 1:1-17), die Messias. Hy is die vervulling van die verbond, wat gekom het om die slang se kop te vermorsel en so al God se kinders deur die geslagte weer met God te versoen as 'n verbondsgeslag en 'n verbondsvolk.

Gesron vorm so 'n deel uit van die nageslag van Abraham en die voorgeslag van Jesus Christus. So strek die verbondsgeslag van Abraham oor Gesron oor Dawid tot by Jesus. Eintlik strek hierdie geslagslys veel verder: Dit sluit jou en my in, want wie in Jesus glo, God as Vader het en die Heilige Gees se werking ervaar, is deel van Jesus se geslag. Deur die geloof word ons ook aan al die name in die geslagsregister gebind. So het Abraham, Gesron en Dawid ook ons voorvaders geword. Deur hulle ontdek ons ons identiteit as gelowiges. Deur hulle weet ons wie ons is, hoe ons moet leef en waarheen ons op pad is.

Ons moet aanhou glo, want God is in beheer. Hy weet waar ons inpas. Hy weet wat Hy met ons lewe wil doen. Hy beskerm elke geslag

opnuut en lei ons om sy verbondsvolk op aarde te wees. Hy werk steeds deur die eeue heen in die lewens van mense en volkere, en daarom kan ons wat aan Hom behoort, glo en vertrou dat Hy ook vandag by ons sal wees.

So kan ons vandag nog uit sekerheid lewe dat ons aan God die Koning behoort en dat niks ons ooit uit sy hand sal ruk nie.

Sing: Psalm 105:5 (1936)

Ds. P (Pierre) Cilliers (Daniëlskuil/Delportshoop/Duineveld)

Skrifgedeelte: Rigters 6:1-16 (NAV)

Fokusgedeelte: Rigters 6:14 (NAV)

Gideon – God is dié Een wat roep, toerus en stuur

Die Here groet Gideon (krygsman) met die woorde: “*Die Here is by jou, dapper man!*”, terwyl Gideon besig was om in ’n parskuip vir die Midianiete weg te kruip. ’n Mens kan Gideon seker nie kwalik neem nie, want die bedreiging deur die Midianiete was ’n wesenlike gevaar. God sien egter alreeds in die bang Gideon ’n man wat met groot dapperheid die volk van hulle vyande gaan verlos.

Vir Gideon het dit gevoel dat die Here hulle in die steek gelaat het en dat hyself onbekwaam was om sy opdrag uit te voer. Gideon moes egter leer dat sy roeping nie afgehang het van hoe hy voel of hoe dit rondom hom lyk nie, maar van God wat hom roep en toerus en stuur.

Die opdrag van Gideon was: “*Gaan met die krag wat jy het en gaan red die Israëliete uit die mag van die Midianiete!*” Die krag was nie Gideon se krag nie. Gideon se krag het moedeloosheid en wanhoop tot gevolg gehad. Die krag hier ter sprake is God se krag wat in menslike swakheid volbring word. In Hebreërs 11:34 word van Gideon vertel dat hy in swakheid krag ontvang het en in Rigters 6:14 word hy aangevoedig met die woorde: “*Toe, Ek stuur jou!*”

Die waarborg van die krag vir al die gestuurdes en vir hulle oorwinning lê daarin dat die Vader presies dieselfde gedoen het toe Hy sy Seun na hierdie wêreld toe gestuur het. Hy het sy sending volbring en ons ook daartoe verlos om as Geesvervulde gesante sy opdrag uit te voer. Aan elkeen wat God roep en stuur, gee Hy ook ’n opdrag:

- Vir Gideon was dit om die volk Israel van die Midianiete te verlos.
- Vir sy Seun was dit om sondaars van die ewige dood te verlos.
- Vir ons is dit om konings, priesters en profete in hierdie wêreld te wees om sodoende mense vir Christus te wen.

Dit is God wat roep en toerus en stuur, daarom kan en moet ons ook in dankbare gehoorsaamheid ons roeping vervul.

Sing: Psalm 95:4 (1936)

Ds. P (Pierre) Cilliers (Daniëlskuil/Delportshoop/Duineveld)

Skrifgedeelte: 1 Samuel 17

Fokusgedeelte: 1 Samuel 17:10, 45

Goliat – Wêreldse mag teenoor die Here se mag

Jy het sekerlik ook al begeer om jou vyande met meer krag aan te vat. Jy wil soos 'n Goliat (*glans*) wees. Mense word gou deur wêreldse mag beïndruk. Wie sal nie bang word as 'n fisiese oormag jou bestorm nie? Ander mense staan dalk soos 'n Goliat voor jou. Góliat, die baasvegter van die Filistyne, het daardie fisiese vermoë gehad om met sy reuse gestalte van drie meter vrees in te boesem, en het as baasvegter van die Filistyne opgetree. Hy het op sy eie krag en vermoë staatgemaak.

Deur Goliat op die toneel te bring, lê die Here Saul se wêreldse houding bloot. Saul het 'n wêreldse koning geword. Dis duidelik in die manier waarop hy Dawid benader wanneer Dawid Goliat se uitdaging aanvaar. Hy dink slegs in terme van menslike mag. Hy dink nie aan die moontlikhede van die geloof nie. Hy hou geen rekening met die Here, die Almagtige, nie. So wil die Here jou ook soms toets deur 'n Goliat voor jou te laat staan.

Goliat word nie deur 'n koning verslaan nie, maar deur 'n skaapwagter, Dawid. Dawid word ook op die toneel gebring om te wys dat wêreldse mag nie kan standhou teen die Here se mag nie. Dawid het, met kinderlike vertroue in die Here, die nietige wapentuig waaroor hy beskik, gebruik en God het hom binne die menslik hopelose situasie die oorwinning gegee.

Sonder die seën van die Here is wêreldse mag hopeloos en kan dit selfs jou ondergang verseker. Daarmee kan jy nie die stryd teen jou grootste vyande, Satan, die dood, en jou menslike natuur, aandurf nie. As jy egter soos Dawid, jou vertroue plaas op die groot Dawidseun, Jesus Christus, is jou oorwinning uit die doodloopsituasie van die sonde verseker. Nie Goliat nie, maar Jesus Christus is die volkome Verlosser en ewige Koning wat alle mag in die hemel en op die aarde het, en al ons doodsvyande verslaan het.

Sing: Psalm 48:1 (1936)

Ds. SA (Sarel) Cilliers (Waterberg)

Skrifgedeelte: Lukas 8:1-3; 24:1-10

Fokusgedeelte: Lukas 8:3

Gusa – Die nietige kruik met die kosbare skat

Ons weet slegs drie dinge van Gusa. Hy was 'n hoë amptenaar van Herodus-Antipas. Hy is getroud met Johanna. Sy naam beteken "kruik". Sy werkgewer, Herodus Antipas, se lewe was vol boosheid. Johannes die Doper het hom streng oor owerspel aangespreek. Herodus se dronkmanbeloftes aan sy dogter het vir hom meer gewig gedra as die lewe van Johannes. Hy het egter die wonderlike voorreg gehad om Jesus te kon sien toe hy Hom op versoek van Pilatus moes verhoor. Hy het die kans van sy lewe verspeel en Jesus bespotlik gemaak. Hy het eerder van Pilatus 'n vriend gemaak as van die Here Jesus. Herodus se lewe het soos 'n kruik aan skerwe gespat toe hy deur die keiser na Frankryk verban is.

Gusa se vrou, Johanna, het haar kans om Jesus te ken en te dien, ten volle benut. Hoewel sy sekerlik ook haar huislike pligte as vrou van Gusa gehad het, het sy en baie ander vroue Jesus met hulle besittings gedien. Johanna was 'n dienende Martha, maar ook 'n luisterende Maria wat sy preke, naamlik die evangelie van die Koninkryk van God, kon hoor. Terwyl Gusa vir Herodus gewerk het, het hy sy vrou die geleentheid gegun om in 'n ander koninkryk, waar dié Koning vir Hom 'n ewige koninkryk vestig en Hyself die ewige Koning is, te werk. Johanna kon dit hoor en ook sigbaar beleef. Op die Paassondag kon sy saam met ander vroue sien en getuig dat Jesus se graf leeg was. Hy het die dood oorwin. Deur sy vrou het Gusa in sy huis en huwelik 'n kosbare skat gehad, naamlik die evangelie van God se Koninkryk. In dié Koninkryk slaan die Here nietige erdekruike nie stukkend nie, maar gee nuwe en ewige waarde daaraan. Wie hierdie Jesus Christus as genadegawe van God gelowig vasgryp, besit as nietige kruik 'n kosbare skat. In 'n vyandige wêreld waarin ons dikwels genoodsaak is om vir ongelowiges te werk, word jy as nietige kruik deur die voorbeeld van Gusa opgeroep om getrou te bly aan dié kosbare skat, wat mot en roes nie bykom nie en wat diewe nie kan steel nie.

Sing: Psalm 116:1, 5 (1936)

Ds. SA (Sarel) Cilliers (Waterberg)

Skrifgedeelte: Habakuk 1:1-6, 12-13; 2:1-2

Fokusgedeelte: Habakuk 2:1a

Habakuk – Gee alles wat vir jou te veel is in God se hande oor

Die profeet Habakuk het met baie vroe geworstel wat vir hom te groot was. Eers kwel dit hom dat die Here skynbaar niks doen om die onreg en geweld in Jerusalem te straf nie. Daarom die vraag: “Waarom kyk U (net) toe as daar soveel ellende is?”

As die Here dan vir hom sê dat Hy die Chaldeërs as tugroede teen sy volk gaan monster, dan het Habakuk weer dáármee ’n probleem: “Hoe kan ’n heilige God so ’n wrede, woeste nasie soos die Chaldeërs gebruik om sy heilige volk te straf?”

Met hierdie soort vroe het Habakuk geworstel. Hy het die vroe soos kouseltjies in sy kieste rondgeskuif, maar hy kon hulle nie verteer nie. Op dieselfde manier het jy dalk ook vroe en verleenthede wat jy tussen jou kieste rondstoot. Dinge soos die dood van ’n dierbare. Of ’n ernstige siekte. Of jou kwellinge oor die toekoms van jou kinders in ’n ontspoorde wêreld.

In die beeld van die uitkyktoring nooi die Here jou om Hom te vertrou met die kwelvroe wat vir jou te groot is. Klim saam met Habakuk in jou uitkyktoring op. Styg uit bo die geroesemoes van menslike advies. Gaan sit net in die heilige stilte by die voete van die Here en ervaar sy helende teenwoordigheid. Moenie probeer om alles te verstaan nie! Géé daardie onverteerbare kouseltjies vir Hom wat alles weet en vertrou Hom daarmee.

Kyk in die geloof op na jou Vader se troon (Op. 4:2 ,3). Sien die triomfantelike Christus waar Hy sedert sy hemelvaart in jónu belang aan die regterhand van die Vader sit. Hy IS uiteindelik die Antwoord op al jou vroe, want in sy hande kom al die los drade van die ge skiedenis sinvol bymekaar!

Met hierdie nuwe perspektief is jy gereed om jubelend en met hernieuwe geloofsywer jou wedloop op die gewyde pad na Sion voort te sit! (Jes. 35:8-10)

Sing: Skrifberyming 12-3:1, 2

Ds. JJ (Koo) Cloete (Hermanus)

Skrifgedeelte: 1 Konings 21:1-16

Fokusgedeelte: 1 Konings 21:4, 7

Agab – Waak teen selfbejammering!

Agab was 'n koning wat in goddeloosheid uitgemunt het. In hierdie geskiedenis kyk hy met begerige oë na sy onderdaan Nabot se beskeie klein wingerd. Hy wil daarvan 'n kruietuin maak. As Nabot dan met goeie reg weier om sy erfgrond te verkoop, gaan lê Agab met 'n dik mond op sy bed. Eerder as om hom te bekeer en Nabot se eiendomsreg te erken, verkies Agab om die pad van selfbejammering op te gaan.

'n Mens wat homself bejammer, is altyd 'n patetiese skouspel. Wanneer daardie mens 'n koning met koninklike mag is, is die toneel nie net pateties nie. Dit is ook doodsgevaarlik. Vir die koning sêlf, en vir diegene rondom hom. Prof. Jay E Adams skryf in hierdie verband: “Selfpity is the stuff out of which depression, despair, murder, suicide and other sins are made.” In hierdie geval het dit net die lis van 'n goddelose vrou soos Isebel gekos om Nabot te vermoor en sy erfgrond te steel. Met vreeslike gevolge vir Agab en sy familie!

Wat selfbejammering so gevaarlik maak, is die feit dat dit presies is wat die woord sê: SELFbejammering! Dit beteken dat die sondaar net met homself en sy gekneusde ego besig is. Alle verstandige advies van buite (van welmenende vriende én van God!) word van die hand gewys. Al “adviseur” wat in die bedompige klein kringetjie ingenooi word, is die duiwel. Hy is welkom omdat hy die sondaar se ego streef en hom kragtig op die heillose pad na onder ondersteun!

Wees op jou hoede vir elke gestalte van selfbejammering. Volg in die spoor van jou Verlosser, Jesus Christus, wat selfloos en met volmaakte liefde tot aan die kruis vir sy vyande gebid het. Hy woon nou deur sy Gees in jou om ook van jôú 'n kampioen in jou stryd teen selfbejammering en sy tragiese gevolge te maak!

Sing: Skrifberyming 15-7:4 ,5

Ds. JJ (Koo) Cloete (Hermanus)

Skrifgedeelte: Genesis 16:7-16

Fokusgedeelte: Genesis 16:11, 13

Hagar – Die Here ken en hoor en sien ons swaarkry!

Swaarkry in hierdie wêreld is 'n universele verskynsel. Ook gelowiges is nie hiervan gevrywaar nie. Ons het egter die ontsaglike troos: die Here ken en hoor en sien ons swaarkry! Abram en Sarai het probeer om die Here se belofte van 'n nageslag op hulle eie terme te laat realiseer. Sarai het haar slavin, Hagar, vir Abram as vrou gegee.

Hierdie menslike oplossing loop egter net op gebroke verhoudings uit – soveel so dat die swanger Hagar (*reisende* of *vlugtende*) uiteindelik van Sarai af die woestyn in wegvlug. Dáár, by 'n fontein in die woestyn, verskyn die Here aan Hagar. Dan die wonderlike: die Here maak dit vir haar duidelik dat Hy haar swaarkry ken en hoor en sien:

- Dat Hy haar *ken*, is duidelik uit die feit dat Hy haar reg in die begin as “*Hagar, slavin van Sarai*” aanspreek.
- Dat Hy haar *hoor*, is duidelik uit die feit dat Hy haar beveel om haar kind Ismael te noem, wat “*God hoor*” beteken (vgl. Gen. 21:17-18).
- Dat Hy haar *sien*, is duidelik uit Hagar se eie woorde: “*U is 'n God wat my sien, hier het ek Hom gesien wat my gesien het.*” Sy noem toe ook die fontein Lagai-Roi-fontein, wat “*die fontein van Hom wat lewe en my sien*” beteken.

Vir Hagar was dit 'n oorweldigende belewenis dat God haar, 'n benoude, swanger, nie-Israelitiese wegloupslaaf, ken en hoor en sien. As God Hom só oor Hagar ontferm het, wat nie eens deel is van sy verbond nie, hoeveel te meer sal Hy Hom nie oor ons ontferm nie, ons wat sy kinders is deur Christus? Soos Paulus argumenteer: “*Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie?*” (Rom. 8:32). Hierby het ons nog die troos: die Heilige Gees, wat in ons woon, is die waarborg dat ons God se eiendom sal bly, en by Christus se wederkoms die nuwe hemel en aarde sal ontvang waar daar geen meer smart en pyn sal wees nie. Hoor en glo daarom dié troos: die Here ken en hoor en sien ons swaarkry!

Sing: Psalm 68:9 (1936)

Dr. AJ (Albert) Coetsee (Uitschot)

Skrifgedeelte: Haggai 1:1-15

Fokusgedeelte: Haggai 1:2-4

Haggai – Die Here en sy belange moet ons nommer een-prioriteit wees!

As daar een ding is wat elkeen van ons elke dag aanvoel, is dit dat ons net te min tyd het. Gevolglik moet ons prioriteiseer, maar is ons prioriteite reg?

Deur die profeet praat die Here met sy kinders oor prioriteite. Hy begin met die populêre opinie van die volk: “*Hierdie volk sê dit is nie nou die tyd om die tempel te herbou nie.*” Hoekom nie? Die volk wat uit ballingskap teruggekeer het, was arm, en hulle vyande het met mag en geweld hulle aanvanklike bouwerk gestop.

Wat sê die Here egter? “*Is dit nou die tyd vir julle om in pragtige huise te woon terwyl my huis in puin lê?*” Terwyl die Here se huis in puin lê, was die volk besig om hulle eie huise met allerhande luukse-hede te herbou! Hulle optrede het hulle prioriteite verklap. Daarom het die Here hulle gestraf (Hag. 1:5-11).

Deur Haggai (*feesteling*) leer die Here ons dat Hy en sy belange ons nommer een-prioriteit moet wees, *ten spyte van ons omstandighede*. Ons moet Hom verheerlik deur allereers sy koninkryk te soek, al lyk dit nie of dit nou die tyd is om aan die Here se “tempel” te bou nie (vgl. Matt. 6:33).

Die Here troos ons egter ook dat sy belange ons nommer een-prioriteit *kan* wees. Toe die volk uiteindelik die bouwerk aanpak, sê die Here vir hulle: “*Ek is by julle.*” Net so is die Verbondsgod ook by ons! Hy beskerm en versorg ons. Dit doen Hy om Christus ontwil, die Een wat ten diepste “God by ons” is. Hy het ons kom leer wat dit beteken om die Here en sy belange ons eerste prioriteit te maak. Hy het gehoorsaam in ons plek gely omdat God nie ons eerste prioriteit was nie. Deur sy Gees wat in ons woon, is Hy ook by ons, en lei Hy ons in ons prioriteite.

Waarvan getuig jou lewe? Bou jy aan jou eie huis of die huis van die Here?

Sing: Psalm 127:1, 2 (1936)

Dr. AJ (Albert) Coetsee (Uitschot)

Skrifgedeelte: Genesis 19:30-38

Fokusgedeelte: Genesis 19:37

Moab – God se doelgerigte plan met elkeen se lewe

Daar is net een vers in die Bybel wat vertel van Moab. Hierdie vers vertel van sy geboorte.

Moab se pa en sy oupa is dieselfde mens, naamlik Lot. Wanneer Lot en sy gesin van Abraham af wegtrek, gaan woon hulle in die streek van Sodom. Wanneer die twee stede deur die Here vernietig word en hulle gered word, vlug hulle na die berge waar hulle ook permanent vestig.

Daar bedink Lot se dogters die plan om vir hulleself 'n nageslag te kry. Hulle ma is oorlede en hulle mag nie met die Kanaäniete getrou het nie. Hulle maak hulle pa dronk en pleeg twee nagte na mekaar bloedskande. Beide word swanger en die oudste kry 'n seun en noem hom Moab, wat “van my vader” beteken.

Hoewel Moab deur sonde ontvang en gebore is, was sy lewe nie betekenisloos nie. Die Here het hom gebruik. Ons hoor nie weer van Moab nie, maar sy nalatenskap weerklink deur 'n groot deel van die Ou Testament. Die Here gebruik sy nageslag op 'n besondere wyse om Israel, wat die Moabiete se buurvolk was, te beproef; onderdrukking, vyandskap en oorloë merk die verhouding tussen Israel en Moab.

Tog gebruik die Here sy nageslag ook verder. Die twee geslagslyne van Lot en Abraham kom bymekaar uit. Abraham se nageslag uit die verbond wat die Here met hom sluit en Lot se nageslag uit bloeds-kande gebore, vorm die lyne wat die Here gebruik wanneer Boas en Rut trou om die geslagslyn van Dawid, en natuurlik later dan ook die geslagslyn van ons Verlosser, Jesus, te vorm.

Ons kyk vas in die hier en die nou en verloor soms perspektief dat God, ten spyte van ons sonde, steeds met 'n plan werk! Ons sien hier-uit die groter prentjie dat God alles ten goede laat meewerk.

Jy is deel van sy plan.

Sing: Psalm 108-1:1, 3 (melodie Ps 147)

Ds. CB (Brahm) Robinson (Walvisbaai)

Skrifgedeelte: Romeine 8:1-17

Fokusgedeelte: Romeine 8:14, 15

Goeie nuus: Daar is troos vir die geesvervulde Godskind

In die eerste sinne van Romeine 8 staan in hedendaagse Afrikaans: “God se oordeel is vir altyd verby vir ons wat aan Jesus Christus behoort. Dit alles is aan die Heilige Gees te danke. Hy het ons splinternuwe mense gemaak. Omdat ons in Christus Jesus glo, het Hy die mag van die sonde én die dood in ons lewe gebreek ...”

Wat ’n hoogtepunt en troos is dié goeie nuus nie in jou lewe nie! Jy móét Romeine 8 lees as die hoofstuk van die Heilige Gees. In jou as mens bevestig Hy troosvol dat jy vrygemaak is van die oordeel van God op grond van die offer van Jesus Christus. Dit stel jou in staat om in die volste sin van die woord in gehoorsaamheid en hartlike gewilligheid vir die Here te kan lewe. Vers 14 sê immers: “Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is: Kinders van God ...”

Jy is met ander woorde nie ’n slaaf van God nie, maar sy kind. Jy was ’n slaaf van die sonde. Jy is kind van God en daarom hoef jy nie bang of bevrees te wees nie, maar met kinderlike opgewondenheid kan jy seker daarvan wees dat jy nie steeds met ’n slawehart deur die lewe hoef te gaan nie. Allermens, want die Heilige Gees skep in jou ook die gesindheid van ’n kind (vs 15). Hy maak die “Abba”-roep in jou wakker. Hy maak ’n diep verlange na God in jou wakker. Dit is Hy wat meteen ook jou Vader (“Pappa”) in die hemel is.

Die kindergesindheid maak werklik alles anders. Wie vir God “Vader” leer sê het, ervaar dat sy godsdienst nie bloot ’n plig is nie, maar ’n voorreg; nie ’n moet nie, maar ’n mag; ’n saak van blydskap en liefde en nie van vrees en ’n slawegees nie. Jy is kind van God, getuie vir Christus, nie omdat jy bloot beveel is om dit te wees nie, maar omdat jy jou Vader kinderlik liefhet.

Goeie nuus – God wat almagtig is, die Skepper van die hemel en aarde, die Vader van Jesus Christus, sê aan jou: Jy is my kind! Koningskind nou en vir altyd. Kan daar beter nuus wees?

Sing: Psalm 100:2

Dr. PH (Pieter) Heystek (Pretoria-Montanapoort)

Skrifgedeelte: Romeine 8:18-39

Fokusgedeelte: Romeine 8:28

Die goeie nuus van die “alles ten goede”

By 'n Godskind wat in 'n onvolmaakte wêreld lewe, gaan die woorde én die waarheid van Romeine 8:28 nie maklik verby nie. Dit is soos 'n ankerpunt – 'n rots waar 'n mens kan skuil wanneer die stormwind huil. Dié stukkie goeie nuus is meteen ook troos vir jou. God laat “alles” ten goede meewerk vir sy kind. Dit moet jy glo, maar tog ook weet en onthou dat die “alles” nie net op die maklike en mooi en goeie “dinge” dui nie. Inderdaad, die goeie dinge wat vir jou ten goede meewerk (bv. goeie gesondheid, skerp verstand, sukses, voorspoed) is mos nie vir jou 'n probleem nie! Net sekere “dinge” onder die “alle dinge” is “goeie dinge”. Die “alle dinge” beteken beslis ook probleme, mislukkings, swaarkry, seerkry, worsteling, teleurstelling, 'n ongeluk. Dit is moeiliker om te verstaan hoe dit vir jou ten goede kan meewerk.

Jy sal verstaan as ek vir jou sê dat vers 28 ook vertaal kan word met: “Ons kan nou van een saak seker wees – God gebruik elke ding wat in ons lewe gebeur, of dit goed is of sleg, om sy doel te bereik ...” Sy doel met jou en elkeen van sy kinders is om die volheid van heerlikheid met die wederkoms van sy Seun vir jou te laat aanbreek.

Nou verander die prentjie. Alles wat met jou gebeur, werk mee om jou na Christus toe te lei. Hy is die Goeie – die Goeie Gawe van die Vader aan mense, aan jou! Die “alles” wat op aarde met jou gebeur, sluit nie noodwendig altyd korttermyn dinge in wat “goed” is nie. Die kern van die saak is: alles werk heen na daardie goeie dag as Jesus weer kom. Net mooi alles. Die lag én die las; die seer én die seën; die lekker én die lelik; die gesondwees én die gesukkel.

God laat alles ten goede meewerk vir dié wat Hom liefhet – want die nuwe dag, die glorie-dag van God sal kom. Op dié dag kom die Goeie, Jesus Christus, jou Here en Verlosser. Wat 'n blye boodskap!

Sing: Skrifberyming 10:3-6

Dr. PH (Pieter) Heystek (Pretoria-Montanapoort)

Skrifgedeelte: Romeine 9:1-18

Fokusgedeelte: Romeine 9:14-18

Goeie nuus: Die regverdige God kies regverdig

In Romeine 9:1-18 word God se goeie nuus op 'n manier uitgespel wat enige Godskind verstom. Hierdie verse sê dat jy wat uitverkies is en almal wat nie uitverkies is nie, ewe skuldig is. Alle mense het die ewige dood verdien. As mense dan almal ewe sondig is, maar God ons ongelyk “behandel”, is die vraag: Is God dan nie onregverdig nie? Hoekom is Isak as erfgenaam verkies en nie sy broer nie? Hoekom Jakob en nie Esau nie? Is daar nie dalk tog maar iets onregverdigs in God se goeie nuus ingebou nie?

Verse 14–18 van Romeine 9 sê: Nee! Beslis nie. Nee, duisendmaal nee. Die Here is nie onregverdig nie. Dink aan God se volk wat uit slawerny bevry is. Egipte is verby, Kanaän wag. Hulle is 'n volk aan wie melk en heuning belowe is en hulle het die Here se wet in hulle hande, maar hulle maak én aanbid 'n goue kalf. As die Here sy volk heeltemal wil vernietig, tree Moses in en net 3 000 sterf. Die Here kon regverdiglik al die makers van die goue kalf gedood het, maar Hy het nie. Die onmoontlike gebeur. Die Here vernietig nie sy volk nie. Dit is hoe God reg doen. Sy ontferming teenoor alle mense is uit en uit genade. Dit is sy eie wil en vrye besluit.

Die farao is nog 'n voorbeeld. Die Here gebruik hom met 'n doel. Die grote farao is soos 'n speelbal in die regverdige God se hande. Hoe arrogant hy ook al optree met sy toorkunstenaars aan sy sy, hy is nie in staat om 'n pad deur die Rooisee te maak nie. Farao word deur God regop gehou omdat Hy hom wou gebruik. Die Here het die farao se lewe gespaar omdat Hy hom nog meer van sy mag wou laat sien.

Ons Vader ontferm Hom oor wie Hy wil en Hy verhard wie Hy wil. Dit begryp jy nie. Die Here is selfs teenoor iemand soos die farao volledig regverdig. Die makers van die goue kalf, die farao en jy is almal sondaars en volslae skuldig, heeltemal verwerplik.

Wat 'n ongelooflike voorreg het jy dat die Here Hom oor jou ontferm! Hy was nie verplig om jou deur sy evangelieroep tot geloof te bring nie. Hy was nie verplig om Hom oor sy Seun nié te ontferm ter wille van jou nie. Hy was vry om anders te kon doen – jou ook regverdig te verwerp. Hy het nie! Jou uitverkiesing is dus die finale grond dat jy God se

reddende genade ontvang. Met sekerheid kan jy sing: “Verlos en nie verlore.”

Is God onregverdig? Nee, duisendmaal, nee! Ek loof U, Heer der Here.

Sing: Skrifberyming 24:1, 6

Dr. PH (Pieter) Heystek (Pretoria-Montanapoort)

Skrifgedeelte: Romeine 9:19-29

Fokusgedeelte: Romeine 9:19-22

Goeie nuus: Die lewende God verkies én verwerp

Oor die uitverkiesing sing 'n mens, want wat is beter as om te weet en glo dat jy verkies en verlos en veilig is? Hoe wonderlik om seker te wees dat jy geroep, getrek, gebind én gekies is om te lewe, desondanks die sondedood wat 'n mens gekies het.

Wie sing oor die verwerping? Wat van die “ongelukkige” keersy van die verkiesing, dit wat sing sinloos maak? Wie kan tog teen God se wil ingaan? Jy kan daar niks aan verander nie. Dit is óf verkies óf verwerp en eintlik is 'n mens se hande afgekap. Mooi sê Paulus van vers 20 af: Menslike vrae bevestig eintlik niks anders nie as dat die mens vergeet het wie en wat hy presies is. Maak net weer seker en onthou dat jy nie die pottebakker is nie, maar die klei. Kan die klei die pottebakker verwy? Kan klei op die pottebakkershand en wiel aanspraak maak? Kan klei die vorm voorskryf? Nee, die pottebakker is in beheer – hy het 'n vrye keuse. Hy beskik volkome oor vormlose klei.

Net só beskik God oor mense, oor jou. Jy is soos kleigrond wat niks verdien nie, en indien die pottebakkershand jou nie vorm nie, kan jy, stof van die aarde, jou nie verhef nie.

Kyk hoe anders is die ewige Pottebakker. Ek word verdra en gevorm en mag lewe. Jy mag weet dat die genade van jou verkiesing juis daarin sigbaar word dat nie almal verkies is nie.

Juis dit maak die genade tot genade. Dat daar klei is wat nie tot die ewige verlossing gevorm word nie – juis dit bevestig God se genade, ook vir jou. Eerbiedig onthou 'n mens dat Hy mense ook verwerp.

Jy wat in Christus omvorm is, sal jy dan nie leef van sy genade nie? Dit is die genade in Christus Jesus wat jou op die pottebakkerswiel van God se guns herskep het. Die lewende God wat verkies en verwerp, het jou verkies en wil jou Vader wees. Sal jy dan jou Maker ooit verwy? Vir geen oomblik nie. Jy sal eerder lofsingend van die werk vertel waardeur God jou verbly het.

Sing: Skrifberyming 34:3

Dr. PH (Pieter) Heystek (Pretoria-Montanapoort)

Skrifgedeelte: Romeine 9:30 – 10:21

Fokusgedeelte: Romeine 10:9

Goeie nuus: Vryspraak is 'n skat wat God nie wegsteek nie

Paulus wil seker maak dat jy jou vryspraak nie misverstaan nie. Jou vryspraak is sulke ongelooflike goeie nuus – meer as nuus, dit is 'n werklikheid wat jy kan én mag belewe. Dan moet jy dit egter belewe soos jou Here dit bedoel het.

Jou verantwoordelikheid ten opsigte van jou vryspraak is nie om onmenslike pogings aan te wend om die werklikheid én die waarheid daarvan te probeer bevestig nie. Menslike pogings om sekerheid te verkry oor God se vryspraak vir sy kind kan tog so maklik tot die gedagte lei dat jy 'n aandeel in jou eie verlossing het. Daarom moet jy nie die goeie boodskap probeer bevestig deur (vs 6) na die hemel toe te wil opklim nie. Hoe sal jy tog vir Christus kan afbring? Dit is ook sinneloos om Jesus in die onderaardse diepte te wil gaan haal. Hy het tog immers self uit die dood opgestaan.

Jy mag dus maar ontspan. Om werklik seker te wees van jou vryspraak in Christus, beteken nie dat jy aan 'n skattejag hoef deel te neem nie. Vrome inspanning in 'n heilige soektog is onnodig, want die skat is baie naby – só naby soos jou lippe en jou hart. Hoor hoe mooi is die woorde van vers 9: “As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word.”

Moenie hieraan twyfel nie, want elke Bybelbladsy vertel eintlik maar van die goeie nuus vir tot-die-dood-toe-skuldige sondaars. God se vryspraak is so naby aan jou as wat sy Woord aan jou is. Daarom is alle vroom sweet en inspanning onnodig. Gods Woord leer eenvoudig: Jy moet maar net bely en glo!

Weet jy, die goedheid van God is ongelooflik. Vir 'n vrygespreekte sondaar is die bevel bloot: Glo dat Jesus vir jou sondes gesterf het én bely (sê) dat Hy jou Here is wat alles oor jou lewe te sê het. Dit is al voorwaarde vir jou om gered te word. Sal jy dan nie sê nie: Ek loof U omdat U goed is? Vader, lei en rig my, sodat my geloof nie wankel nie en my belydenis altyd sal wees: aan God alleen die eer!

Sing: Psalm 32:3

Dr. PH (Pieter) Heystek (Pretoria-Montanapoort)

Skrifgedeelte: 2 Kronieke 2:1-6, 11-14 (NAV)

Fokusgedeelte: 2 Kronieke 2:5, 13

Hiram – Om saam met nie-Christene in die koninkryk te werk

Hiram was 'n besondere vakman. Sy pa was van Tirus afkomstig en sy ma was 'n Israeliet. Hy is deur die koning van Tirus met dieselfde naam (Hiram) na Salomo toe gestuur om te help bou aan die tempel. Hiram was 'n meestervakman wat vaardig was in die bewerking van goud, silwer, brons, yster, klip, hout, pers en blou wol, linne en bloed-rooi wol. 'n Begaafde man wat goed toegerus was om die tempel van die "God wat die grootste van alle gode is" (vs 5) te kon help bou.

Komentators vergelyk Hiram tereg met 'n ander vakman, Besaleël, wat met die bou van die tabernakel as 'n meestervakman beskryf word. Van Besaleël, wat uit die stam Juda was, word egter genoem dat hy deur die Gees vir sy werk toegerus is (Eks. 31:1). Iets wat glad nie van Hiram, wat van gemengde afkoms was, gesê word nie. Dit is interessant dat Here nie iemand uit Israel toegerus het om sy tempel te bou nie. Moontlik lê daar in die samewerking tussen Israeliet en nie-Israeliet aan die tempel van die Here die skaduwee van die boodskap van verlossing aan alle nasies wat in Jesus Christus 'n werklikheid sou word. Ons weet dat God deur sy Gees gelowiges vir hulle dienswerk toerus. Dit is deel van ons viering van Pinkster (1 Kor. 12-14). Ons weet ook dat ongelowiges deur God, in sy algemene genade, begenadig word met besondere vermoëns en talente wat Hy byvoorbeeld gebruik om wetenskap te bevorder, ekonomieë aan die gang te hou, wet en orde te handhaaf en die land te regeer.

As gelowiges werk ons skouer aan skouer met ongelowiges in die koninkryk van God. In die samewerking is dit belangrik om te getuig, soos wat Salomo teenoor die koning van Tirus getuig het: "Ek wil 'n tempel bou vir Naam van my God, die Here, en dit aan Hom wy. Dit gaan groot wees, want ons God is die grootste van al die gode" (2:5). In ons samewerking met ander mense bly dit ons taak om te getuig van die Koning van die konings en van die verlossing vir alle mense deur Jesus Christus.

Sing: Psalm 67:1, 3 (2001)

Ds. HS (Fanie) Coetzee (Potchefstroom-Die Bult)

Skrifgedeelte: 2 Kronieke 32:24-32
Fokusgedeelte: 2 Kronieke 24-25 (NAV)

Hiskia – Lang lewe in God se teenwoordigheid

Koning Hiskia (*die Here maak sterk*) van Juda het, ná sy goddelose pa Agas, drastiese hervormings ingevoer. Onder sy bewind (727-685 vC) word die tempel gereinig, die tempeldiens heringestel, afgodsdien uitgeroei en die koperslang, wat toe deur die volk as afgod gebruik is, afgebreek. Die Paasfees word ook weer gevier. Hiskia weier om aan Sanherib, die koning van Assirië onderdanig te wees, en wanneer hy Jerusalem beleër, word sy verbondsvertroue beloon deurdat die Here self 185 000 man van die Assiriërs doodmaak.

Hiskia word egter tot die dood toe siek, en wanneer die profeet Jesaja die nuus aan hom oordra dat hy gaan sterf, bid Hiskia ernstig tot die Here. Die Here hoor die smeekgebed van sy dienskneg en kondig aan dat Hiskia nog 15 jaar sal lewe. God se verhoring van sy gebed teken vir ons hoe God die nood van sy kinders hoor en verhoor. Ons moet dit vandag nog bly glo.

Die “ekstra” jare vir Hiskia bring hom egter nie nader aan die Here nie. Inteendeel! Toe die koning van Babel deur gesante vir Hiskia met sy genesing kom gelukwens, spog Hiskia by hulle met al sy skatte. Deur Jesaja maak die Here sy misnoeë aan Hiskia. Ekstra lewe en gesondheid is nie vanselfsprekend goed vir die mens se verhouding met God nie.

Tog roep die verhaal van “ekstra” lewe aan Hiskia by ons as Nuwe-Testamentiese lesers iets op van die “ekstra” lewe wat God gee. Hiskia het later gesterf, maar jare later het God sy Seun, Jesus Christus, na die wêreld gestuur sodat die wat in Hom glo, sal bly lewe, al sterf hulle ook (Joh. 11:25).

Ons mag bid vir genesing en ’n lang lewe, maar ons hoef nie met desperaatheid, ten alle koste, aan die aardse lewe vas te klou nie, want in Christus lewe ons in ewigheid en in Hom lewe ons bowenal in God se teenwoordigheid.

Sing: Skrifberyming 3-4:1, 5

Ds. HS (Fanie) Coetzee (Potchefstroom-Die Bult)

Skrifgedeelte: 1 Samuel 2:13-17, 22-26; 1 Samuel 3:11-14

Fokusgedeelte: 1 Samuel 3:13-14

Hofni en Pinehas – sonde is nie goedkoop nie

Die HERE het verwag dat die priesters heilig moet wees. Hulle moes net aan die HERE gewy wees en mag nie sy Naam ontheilig nie (Num. 21:6). In Numeri 21:7 lees ons dat 'n priester onder andere nie mag trou met 'n meisie wat nie 'n maagd is nie en ook nie met 'n geskeide vrou nie, want hy is aan God gewy.

Hierdie baie streng vereistes was op Eli se seuns, Hofni (*padda*) en Pinehas (*neger*), van toepassing. Die twee priesters het hoegenaamd nie aan die streng vereistes voldoen nie. Hulle optrede was 'n skandelelike ontheiliging van die off erande aan die HERE en so gaan daar 'n skandelelike invloed uit op die hele volk. Deur hulle optrede het hulle die oorsaak van struikeling vir die hele volk geword.

Uit die ligte vermaning wat Eli wel aan sy seuns gerig het (vs 25), het hy beslis geweet dat die seuns teen die HERE sondig. Hulle het met hulle optrede die Naam van die HERE ontheilig. Daarom kom die streng oordeel wat aan Samuel geopenbaar word: "... die ongeregtheid van Eli se familie sal sekerlik nooit deur diereoffer of graanoffer versoen word nie." Hulle het hulle aan die HERE se offers vergryp, daarom sal alle pogings om deur offers versoening te verkry, vergeefs wees.

Verskriklik dat die offers wat moes heenwys na die ware offer wat Jesus Christus sou bring, onheilig is. Het ons hier te doen met die sonde teen die Heilige Gees? Volgens Hebreërs 10:26 is dit wanneer ons opsetlik bly sondig nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, dan is daar geen offer meer wat ons sondes kan wegneem nie. Die oordeel oor Hofni en Pinehas kom die HERE toe. Laat ons egter besef dat ons so moet lewe dat ons nie die Naam van die HERE oneer moet aandoen nie, veral in ons kerklike lewe. Ons moet elke dag bid: Laat u Naam geheilig word. Dit plaas 'n groot verantwoordelikheid op ons ampswerk as predikant, ouderling, diaken, maar ook in die amp van gelowige as profeet, priester en koning.

Sing: Psalm 97:6, 7 (1936)

Ds. PA (Peet) Coetzee (Potchefstroom)

Fokusgedeelte: Hosea 14:10

Hosea – ondeurgrondelike, regverdige liefde

Hoërskool Petrusburg se leuse was: *Nie woorde nie, maar daad*. Voeg die daad by die woord, dan besef mense dat jy werklik ernstig is.

Hosea (*verlossing*) preek nie net met woorde nie, maar in besonder met die daad. Hy preek teen die godsdiensstige oppervlakkigheid van die volk. Hy kry die opdrag om met 'n prostituut te trou, want hy moes daardeur 'n boodskap aan die volk gee dat die volk besig is om heeltemal ontrou aan die HERE te word. Hulle voorspoed het hulle aan Baäl toegeskryf wat vrugbaarheid en welvaart gee.

Tempelprostitusie was deel van die Baäldiens. Om deel te verkry aan die voorspoed wat Baäl sou gee, moes jy daaraan deelneem. Geestelik was hulle verrot, bankrot. Die name van die kinders van Hosea is daadprediking. Hulle name moes die volk roep tot bekering, maar dit gebeur nie.

In teenstelling met die ontrou van die volk is die HERE se ondeurgrondelike liefde vir die volk Israel duidelik uit die hele boek. Hierdie liefde is verbondsliefde. Die verbond van die HERE bestaan uit twee dele – verbondsbeloftes en verbondseise. Die HERE belooft sy liefde, genade, beskerming, maar eis gehoorsaamheid as dankbaarheid vir alles wat Hy doen. Die laaste hoofstukke beskryf die HERE se liefde, maar onderstreep Israel se ongehoorsaamheid en uiteindelijke ondergang. Israel word weggevoer na Assirië in ballingskap en die pragtige hoofstad Samaria is verwoes.

God is liefde, maar sy liefde is ondeurgrondelike, regverdige liefde. Hy duld nie die sonde nie, en juis daarom moes Christus alles deur sy soenverdienste volbring. Hy moes mens word om die sonde wat die mens gedoen het, ten volle te betaal. Woord en daad in volkome harmonie.

Preek jy elke dag in jou werk, jou gesin? Die HERE soek in hierdie gebroke wêreld ware predikers – woord- en daadpredikers.

Sing: Psalm 25:2, 3, 4 (1936)

Ds. PA (Peet) Coetzee (Potchefstroom)

Feeste tot eer van God behaag Hom

Ons vier elke Sondag fees tot eer van die Here en bely dan ons geloof in God. Maak ons dan nie 'n fout deur spesiale feeste te hê waarby spesifieke heilsdade van God herdenk word nie?

God maak dit egter duidelik in sy Woord dat dit Hom behaag wanneer sy volk op groot skaal feesvier. In Deuteronomium 5 maak Hy dit duidelik dat die volk elke Sabbat daaraan moes dink dat hulle slawe was en deur God uit Egipte verlos is. Tog moes hulle jaarliks die Paasfees vier wat ten volle daaraan gewy is dat hulle moes dink aan hoe hulle verlos is.

Alhoewel die Israëliete dus elke Sabbat aan hulle verlossing gedink het, moes hulle steeds jaarliks 'n grootskaalse verlossingsfees vier.

Daar is dan geen probleem daarmee dat ons groot feeste hou nie. Hierdie feeste moet egter ten volle tot eer van God wees. 'n Kerspartytjie waarby drank, kos en die verskyning van 'n bebaarde kersvader die hoofitems van die fees is, grens aan afgodery.

As die Paasnaweek bloot belangrik is op die kalender ter wille van die geleentheid om 'n langnaweek te kan hê, word God nie geëer nie. Wanneer Hemelvaart ophou om 'n fees te wees omdat ons nie meer 'n publieke vakansiedag het nie, was die viering van die troonsbestyging van ons Here Jesus nooit vir ons werklik 'n saak van blydschap en feesvreugde nie.

Kerklike feeste het 'n belangrike plek en behaag God, maar dan moet dit waarlik feeste tot eer van God wees.

Sing: Psalm 122:1

Ds. HB (Bernard) Hattingh (Warmbad)

Loop die lewenspad met God

Daar is voortdurend sprake van 'n Engel (Boodskapper) wat die volk in die woestyn op hulle pad gelei het. Daar is sterk aanduidings dat hierdie Engel 'n Ou-Testamentiese vergestaltung van Christus is. God het dan ook self in die persoon van hierdie Engel die volk gelei.

Na die gebeure met die goue kalf sou die Engel steeds die volk lei. Hy sou God ook steeds verteenwoordig. Tog sou God nie meer self teenwoordig wees nie. Op die oog af lyk dit aanvaarbaar, maar Moses sien duidelik die verskil. Die mens se diepste nood is sy gebrek aan gemeenskap met God. Daarsonder bly die lewe leeg en doelloos. Daarom pleit Moses by God dat Hy self met sy volk moet saamgaan.

Mense dink dikwels dat dit genoeg is om slegs die Middelaar te ken. Daar is selfs predikers wat Hom alleen verkondig. Baie mense noem hulleself Christene en roem daarop dat hulle Jesus ken en Hom genooi het om in hulle harte te kom woon. Tog is hulle lewens steeds leeg en sonder krag. Hulle verstaan nie dat Jesus juis gekom het om hulle met God te versoen nie. Hulle wil met die Middelaar alleen lewe, maar is dikwels selfs bang vir God. Mense bid soms tot Jesus omdat hulle nie die vrymoedigheid het om met God self te praat nie.

Om met die Middelaar alleen op pad te wees, is egter nie voldoende nie. Die lewe kry eers waarlik sin en betekenis wanneer mens deur Jesus Christus op pad is met God self. Dan kan dit werklik omskryf word as 'n vol lewe.

Sing: Psalm 91:2, 8

Ds. HB (Bernard) Hattingh (Warmbad)

Skrifgedeelte: Eksodus 24 en 32

Sê ja vir 'n lewende verhouding met God

God het op grond van sy verlossingswerk met Israel 'n ooreenkoms aangegaan dat Hy vir hulle sou sorg, hulle sou beskerm en sy seën op hulle sou laat rus. Israel moes egter van hulle kant onderneem om aan Hom getrou te bly en sy voorskrifte uit te voer. Die volk het heelhartig "ja" gesê vir hierdie verbond. Minder as twee maande later het die volk egter reeds die verbond verbreek en vier hulle fees rondom 'n goue kalf.

Ons sien dit nog gedurig gebeur. Baie jongmense wat met oortuiging "ja" voor die kansel sê, raak die spoor byster. Waarom?

Israel was gedurig ongeduldig oor hulle omstandighede omdat hulle hul verlossing in terme van brood en botter wou meet. Klaarblyklik het hulle nie werklik beseft dat hierdie verlossing behels nie en het hulle uitsig verloor op die Kanaän waarheen hulle op pad was. Verstaan jy die omvang van jou verlossing in Christus en het jy uitsig op die heerlikheid waarheen jy op pad is?

Israel het "ja" gesê vir die verbond terwyl hulle bang was vir God. Hulle wou op 'n afstand bly en Moses moes namens hulle optree. Sê jy "ja" omdat jy voel dat dit van jou verwag word? Wil jy God liever op 'n afstand hou en sien jy die ampsdraers as tussengangers?

Israel was baie afhanklik van Moses. Hulle argument met die maak van die kalf was juis dat Moses te lank wegbly. In watter mate is die standaard van jou godsdiens afhanklik van die teenwoordigheid van mense, byvoorbeeld jou ouers?

God wil nie 'n koue, kontraktuele verhouding met jou hê nie, maar 'n warm, persoonlike verhouding.

Sing: Psalm 45:9, 10, 16

Ds. HB (Bernard) Hattingh (Warmbad)

Skrifgedeelte: Eksodus 24:9-11; 33:7-11, 18-23; 34:1-10, 27-35

Om God te sien

Die Bybel verwys voortdurend daarna dat niemand die heilige God kan sien en bly lewe nie. Moses wou Hom graag sien, maar al wat hom toegelaat was, was om God van agter te sien. Tydens hulle ontmoeting het Moses slegs die versluisde, magtige teenwoordigheid van God gesien. Selfs om net in die direkte teenwoordigheid van God te wees het al die effek gehad dat dit Moses se gesig laat blink het. Die effek van God se teenwoordigheid was só kragtig dat Moses sy gesig moes bedek, aangesien die volk nie in staat was om self na sy gesig te kyk nie.

Tog het God by een geleentheid toegelaat dat mense Hom kon sien en bly lewe. Die enigste keer wat dit gebeur het, was met die verbondsluiting op Sinaï. Die leiers van die volk het God by daardie geleentheid gesien en die verbondsmaaltyd in sy teenwoordigheid genuttig. Vir die duur van daardie maaltyd het die ontoeganklike, verblindende en verterende lig wat God omstraal, verkoel tot die helderheid van die blou hemel sodat hulle Hom kon sien en bly lewe. Geen wonder dat Moses na hierdie wonderlike ervaring daarna gesmag het om dit wéér te beleef nie.

So sal die gelowiges Hom eendag kan sien. Op grond van die verbond van genade wat God deur die bloed van Christus met ons gesluit het, sal sy verheerlikte kinders tot Hom mag nader en in sy teenwoordigheid mag lewe.

Vul hierdie vooruitsig jou ook met verwondering en afwagting?

Sing: Skrifberyming 45:1, 8, 9

Ds. HB (Bernard) Hattingh (Warmbad)